GRAAD 10 PROEFEKSAMEN
2006

AFRIKAANS HUIS TAAL: VRAESTEL I
LEESVRAESTEL – LU'e 2 & 4

**MEMORANDUM**

Tyd: 3 uur | 80 punte

---

**LET WEL:**

Dis belangrik dat hierdie memorandum dikwels net voorstelle maak en dat die leerder se antwoorde en insig in ag geneem moet word.

---

IEB Copyright © 2006 

**VRAAG 1 Begriplees Leesstuk 1**

1.1

1.1.1 'n Tussenwerpsel wat een of ander emosie aantoon, in hierdie geval verleentheid. (2)

1.1.2 half onkant betrap (1)

1.2

1.2.1 Nee. Fugard het by 'n vroegoggend-radioprogram opgetree terwyl Hood se triomf in die aand tydens die Oscar-toekennings plaasgevind het. (2)

1.2.2 Hy het uitgeroep, "Viva Afrika!" Beteken: Lewe Afrika of Afrika lewe. (1)

1.2.3 Iets soos: Hy wou aan die wêreld toon dat kuns van hoë gehalte ook uit Afrika kan en moet kom. Neem dus kennis van Afrika! (1)

1.3

1.3.1 Trots dat iets uit eie bodem so 'n belangrike toekenning gewen het. (1)

1.3.2 Die feit dat dit haar pa se roman is wat die inspirasie vir die rolprent was. (1)

1.4

1.4.1 Roman, draaiboek, rolprent. (3)

1.4.2 Leerder se eie mening maar dit moet duidelik wees uit die antwoord dat hy/sy weet wat die génre is. (2)

1.5 Hy reageer op die opmerking in par. 7 wat deur John Perlman tydens die onderhoud gemaak is. (2)

1.6 Eie mening. Iets wat fokus op die huidige SA samelewing en geweld en die moontlikhede vir verbetering en hoop vandag. (3)

1.7

1.7.1 Dis 'n taal, soos Zoeloe, wat hier in SA ontstaan het en gebruik word. (1)

1.7.2 Tsotsitaal is 'n groeptaal wat onder jongmense in die townships ontwikkel en gebruik is. Dis eg Suid-Afrikaans en dus inheems. (Elemente van Zoeloe en Afrikaans en nuutskeppinge) (2)

1.7.3 Eie mening.
Ja, Afrikaans soos dit vandag lyk het hier in SA gevorm en ontwikkel. Ander tale het dit beïnvloed, soos Nederlands, Engels, Swart tale, ens. maar sy huidige vorm is eg Suid-Afrikaans en dus inheems.
of
Nee, en miskien 'n verwysing na die Nederlandse basis en dus uit Europa. Dan eerder uitheems. (2)

1.8

1.8.1 Eie mening van kwaito as inheemse musiekgénre, veral onder jong swartmense. 'n Verwerking uit huismusiek, baie populêr vandag. (1)

1.8.2 akkoorde, klankbaan, CD's (enige twee) (2)

1.9 Par. 7: As jy meer hiervan wil weet, moet jy die rolprent gaan sien.
Par. 9: Selfs op 71 is Fugard nog in staat om nuwe dinge te ontgin, soos bv. om na kwaito te luister en dit te geniet. (2)

1.10 Treffer. (1)

**30 punte**

IEB Copyright © 2006

## VRAAG 2 Opsomming

Hier word 5 punte gegee. Leerders kan vier daaruit noem of selfs vier noem wat 'n samesmelting van sommige idees is. Die woordtal moet egter nie 40 oorskry nie.

1. Dis 'n liefdesverhaal sowel as 'n bendeverhaal in die Kaapse idioom geskryf.
2. Dit handel oor belangrike sake in jongmense se lewens, soos seks en dagga.
3. Lesers raak bekend met 'n ander Afrikaanse dialek en ander kulture.
4. Kulturele geregte en karakters skep 'n warm atmosfeer.
5. Dis 'n verhaal vir jongmense, hul eie spreekvorms en optredes. 4(2)

**8 punte**

Enkele punte word afgetrek vir dinge soos: meer as 45 woorde; swak taalgebruik; aantal woorde nie aangedui nie; nie volsinne nie.
Onderwysers kan hul eie diskresie hier gebruik.

## VRAAG 3 Spotprent

3.1

3.1.1 Wanneer mense beskryf word op 'n manier wat ander laat glo dis hoe hulle almal en altyd is. (1)

3.1.2 Mans en Sjinese (2)

3.2 Iets soos:
Die vrou oor mans: Die vrou is snedig in haar opmerking dat mans altyd te koppig of eiewys is om vir padaanwysings te vra en daarom verdwaal hulle altyd. Haar opmerking is verkleinerend en beledigend.
Man oor Sjinese: Hy gee op neerhalende toon te kenne dat hier soveel Sjinese is dat dit lyk soos 'n klein Sjina,eerder as Afrika. Die afkeuring in sy toon is beledigend. (Ander idees is ook moontlik.) (4)

3.3 Eie mening wat verwys na stereotipering wat dikwels geskied op grond van geslag, kleur, kultuur, taal, ouderdom, ens. (Alle tieners is..., ens) (2)

**9 punte**

## VRAAG 4 Twee stokkiesdraaiers deur Etienne van Heerden

Onvoorbereide gedig
Onderwysers word hier aangemoedig om werklik te kyk na die leerder se respons. Die memorandum is slegs 'n riglyn en hulpmiddel.

4.1 Om sonder toestemming uit die skool te bly en tydens die ‘vrye’ tyd ‘n fietstoer te onderneem, sonder om enigiemand daarvan te sê. (2)

4.2 Die telefoon werk nie en hulle bereik nie hul gesinne nie. Hulle hou aan probeer. Dit dui op onheil wat dalk op hul wag. (2)

IEB Copyright © 2006 

4.3

4.3.1 Dit versterk die idee van TWEE seuns wat saamry. Hulle ervaar dieselfde genot en probleme, of
Dit dui op 'n ritme, amper soos narratiewe "rap", terwyl hulle trap en stap nog moontlikhede? (1)

4.3.2 Hier is 'n verandering in tyd, spoed, fisiese aktiwiteit, lig en omgewing, wat die ritme en eenselwigheid versteur. Dis hoorbaar in die klank van die rympatroon, asook die stadiger ritme van opdraand en stap, van lig wat donker word. (2)

4.4 Dit lyk asof die seuns dalk oorval en doodgemaak is. Skool en families sal hulle nie weer sien nie (gans verlore). Hulle is dalk ook daar begrawe (twee lelies verbol ondergronds). Al wat oorbly is die spookagtige atmosfeer geskep deur fietselemente van staal. (3)

4.5 "teen die gaas brom of lê al dood 'n bondel brommers"
"In 'n rooi hokkie karring ons vergeefs bekende nommers"
"skielik: die speldekussing van die nag"
(enige een) (1)

4.6 Hier is dit belangrik dat die leerder 'n metafoor, vergelyking of vorm van personifikasie neerskryf en dit verduidelik binne die konteks van die strofe of gedig. Een punt vir die identifikasie en neerskryf van die konstruksie en 2 punte vir 'n duidelike uiteensetting van saak en beeld. Laat leerders toe om hul eie insig hier ten toon te stel solank dit haalbaar is binne die konteks. (3)

4.7 Gemotiveerde idees wat wys op assosiasies met dele uit die gedig.
Dit kan verwys na die inhoud van die gedig of vooruitwys na wat kon gewees het of dan die angstige ouers by die huis. Vir al vier foto's is daar gepaste aanhalings. (4)

**18 punte**

**VRAAG 5 Kortverhaal Eendag dag ek ek sien bloed – Zirk van den Berg**

(Die leerders se insig is belangrik. Die memo is 'n riglyn)

5.1.1 Eers dink 'n mens die verteller is goed vir Japie en weens Japie se ongelukkige huislike omstandighede ly hy honger en verskaf die verteller brood. Die leser kom ook onder die indruk van Japie se fisiese lyding n.a.v. die stukkende plekke op sy gesig. Die verteller lyk dus soos 'n soort redder. (2)

5.1.2. Wanneer jy dus agterkom hoe Japie se gesig werklik stukkend raak en die verteller se gevoellose en amper sadistiese optrede wanneer hy vir Japie laat "werk" vir sy brood, verag die leser die verteller. (3)

5.2 Japie se pa was 'n bokser maar het sielkundig agteruit gegaan. Die gerugte skep die indruk dat sy pa vir hom geslaan het,aldus die stukkende gesig. (1)

5.3 Skok, weersin, gril, dis byna onmoontlik om te glo. Nie alleen dat iemand dit aan 'n ander kan doen nie, maar dat die slagoffer so-iets sal doen vir brood. (2)

IEB Copyright © 2006

5.4

5.4.1 Herhaling van woorde reg na mekaar. (Ritme van die woorde se uitspraak in die sin.) (1)

5.4.2 Hierdie gebeurtenis het daagliks plaasgevind, maar die verteller was skynbaar net een dag bewus van die bloed. Sy gevoellose houding word dus sterk uitgebeeld. Later merk ons ook dat ander die "toertjie" geniet en bewonder het, en dit wys negatief op die houding van hierdie groep teenoor 'n lid van hul gemeenskap. (Ander moontlikhede.) (2)

5.5 Eie opinie. Die skets kan as negatief beskou word asof dit die spot dryf met Japie se situasie. Die een foto sou kon wys op die feit dat Japie eintlik vasgevang is in 'n situasie en die derde foto wys dalk op 'n Japie se werklike gevoelens oor sy huis- en skoolsituasie. (of so-iets) Leerders kan 'n illustrasie kies en miskien net verduidelik waarom nie die ander nie. (3)

**14 punte**

**Totaal: 80 punte**

IEB Copyright © 2006